Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 5 – 14 Februarie 2025

## OUERLEIDING

### Langs die sportveld



Lynnies se sportvelde wemel smiddae van seuns en dogters wat hard aan die oefen is vir sport-byeenkomste en - wedstryde.

Ons is geweldig trots op elke Lynnie wat alles gee vir hul span – ongeag in watter span hul deelneem.

Die sportveld is egter 'n potensiële slagveld vir enige ouer. Almal wil die beste hê vir hulle kind. Ons gedrag, gesprekke en invloed kan bepaal hoe hulle sport beleef, hoe goed hulle doen en of dit enigsins van opvoedkundige waarde vir hulle is. Gegewe dat minder as 0,1 % van skoolatlete en -spelers in die toekoms op 'n professionele vlak gaan deelneem en baie ouers kinders sport laat doen vir opvoedkundige redes, moet mens seker maak dat dit wel gebeur.

Gielie Hoffmann, skrywer van die boek "*The tough athlete*" werk as geestesbreier met spelers, atlete en spanne. Hy deel 'n paar wenke met ouers om die balans te vind wanneer dinge druk gaan.

1. Wees 'n ondersteuner.
   Moenie die rol van die afrigter, spanmaat of onderwyser probeer oorneem nie. Maak seker jou kind weet jy ondersteun hulle ongeag wat.
2. Praat positief oor spanmaats, die afrigter en ander ouers.
   Negatiewe praatjies oor die afrigter lei daartoe dat die kind nie die afrigter vertrou nie. Dit geld ook vir spanmaats. Sportspanne funksioneer beter as daar vertoue is.
3. Wees versigtig met kritiek op jou eie kind.
   Tydens deelname is dit glad nie nodig nie, ook nie direk na 'n wedstryd nie. Wag 'n paar uur of gesels die volgende dag oor die wedstryd. Jou kind sal beter luister en jy sal self perspektief hê en bepaal wat werklik van waarde sal wees.
4. Hou verwagtinge realisties.
   Baie kinders hou op om die sport te geniet as gevolg van te veel druk deur hul ouers.
5. Lê klem op veg- en sportmangees.
   Respekteer die skeidsregter en opponente. Baie lesse word geleer op die sportveld wat in die toekoms van waarde is.
6. Hanteer beserings en ongesondheid reg.
   Niks is belangriker as jou kind se welstand nie.
7. Sorg dat daar 'n balans is tussen sport en die res van jou kind se lewe.
   Maak seker daar is naweke en vakansies wat nie net om sport draai nie.
8. Hou dit opvoedkundig.
   Dis leersaam as jou kind kan sien harde werk lei tot sukses, maar dat daar ook teleurstellings is wat reg hanteer moet word.

Daar lê inderdaad vreugde in sport vir beide ouers en kinders. Betrek ouers wat alleen is om deel te wees van die groep ouers en saam te ondersteun.

Ons sien mekaar langs die sportveld.
Sterkte vir 'n heerlike seisoen van Lynnie sport.

# LYNNIES VIER WêRELD-HARDOPLEESDAG

Wêreld-hardopleesdag is ingestel deur die nie winsgewende organisasie, LitWorld in 2010. Dit is geskep om die krag van voorlees te vier as 'n manier om stories te versterk , tesame met ‘n pleidooi vir geletterdheid as 'n fundamentele mensereg. Ons Lynnies het saam met die internasionale gemeenskap hierdie belangrike dag gevier. Nerine Ahlers, bekende jeugboek skryfster het die Gr 4-7’s toegespreek. Ons kinders het die geleentheid gehad om eerstehands meer te wete te kom oor die skryfproses en haar stories. Prettige leesbrille is gemaak – (om die wêreld met nuwe oë te beskou) en wenners van die kreatiefste brille het boekpryse ontvang. Daar is in klasse stories gelees en boeke is geskenk vir ons kinders se boekekas.

Dit was inderdaad ‘n dag waartydens ons Lynnies saam die towerwêreld wat opgesluit is in boeke, beleef het.



# DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens meneer Ruan geluk met sy verjaarsdag.



# LYNNIES REIK UIT NA ANDER: UITRUILSTUDENT VAN JAPAN

Chihiro Yamashita, ‘n uitruilstudent by die Universiteit van Pretoria, wat navorsing doen oor Onderwys van Suid-Afrika, het Laerskool Lynnwood besoek en die dag in meneer Casper se klas saam met die gaad 7’s deurgebring, waarna sy 'n formele onderhoud gevoer het met meneer Casper.

Sy het die dag saam met ons Lynniefamilie baie geniet.






# K U L T U U R

## REDENAARS

Redenaarsuitdunne vind 21 Februarie en 28 Februarie plaas.
Hou asseblief die d6 dop vir verdere kommunikasie.

### REDENAARSGROEP


Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.  Let wel spanredenaarslede moet ook op die redenaarsgroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

### REDENAARSGEDAGTE VIR DIE WEEK

***“Koester vandag en glo in môre!”* –** Anoniem

## KUNSTE AKADEMIE

Het u geweet die Kunste Akademie bied ‘n verskeidenheid instrumente sowel as musiekteorie aan? Loer gerus op d6 en kontak een van ons bekwame dosente.



## SUBSIDIE VORMS

Subsidie vorms kan afgehaal word by Thamson (by die hoofhek) of Me. Wagener in die kantoor. Voltooi asseblief die vorm deeglik*, **betyds*** en verskaf al die nodige dokumentasie soos versoek word.
Die vrystellings formule word bereken volgens voorskrifte van die Departement van Onderwys.
Baie belangrik, die aansoek vorm moet beëdig word, waar u verklaar dat al die inligting korrek is.

## PERSONEELVERJAARSDAE

**FEBRUARIE**

| | |
|---|---|
| 14 | Marco Coetzee (o/w) + |
| | Mandy Loubser (aflos o/w) |
| 15 | Dirk Wessels (o/w) |
| 17 | Nicolas Smit (intersen. ass) |
| 19 | Raschel Truter (o/w) + |
| | Wilna Mabin (naskool) |
| 25 | Tasha Venter (o/w) |
| 29 | Diana Louw (naskool) |



## SPORT

### TENNIS

Lynnies se eerstespan dogters:
Amelie Barnard, Suzaan Esterhuyse, Lisa Botha en Leila Clark.



Lynnies se eerstespan seuns:
Muller Lotriet, Conrad Botha, Henk Jansen van Rensburg en Ruben Pienaar.



Die Gauteng-Noord Laerskole Tennisliga van 10 Maart het weereens uitgereën, maar alle spelers het opgedaag en was gereed om te speel.

Dankie vir al die tennisspelers se positiewe gesindheid.







### KRIEKET

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Maandag 17 Februarie** | | | |
| 07:00 – 08:00 | Gr R oefening | | Lynnwood |
| **Dinsdag 18 Februarie** | | | |
| 07:00 – 08:00 | Gr R oefening | | Lynnwood |
| 10:45 – 11:45 | Gr RR oefening | | Lynnwood |
| 13:15 – 14:30 | Gr 1 en 2 oefening | | Lynnwood |
| 17:30 – 21:00 | Lynnwood 2de span | AFFIES | Lynnwood |
| **Woensdag 19 Februarie** | | | |
| 07:00 - 08:00 | Gr R klas | | Lynnwood |
| 14:00 – 17:30 | Lynnwood 1ste | DPHS | DPHS |
| 17:30 - 20:30 | Lynnwood o/9A | Anton v Wouw o/9A | Tygerpoort |
| 17:45 – 19:00 | BEV Krieket | Alle Gr 1's | Lynnwood |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Donderdag 20 Februarie** | | | |
| **07:00 – 08:00** | **Gr R oefening** | | **Lynnwood** |
| **10:45 – 11:45** | **Gr RR oefening** | | **Lynnwood** |
| **12:15 – 13:00** | **Gr R oefening** | | **Lynnwood** |
| **13:15 – 14:30** | **Gr 1 en 2 oefening** | | **Lynnwood** |
| **09:00 – 15:00** | **Lynnwood 1stes** | **Northlands** | **Northlands** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood 3de span** | **AFFIES** | **AFFIES** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/11B** | **Lardies o/11** | **Lynnwood** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/11A** | **Lardies o/11** | **Elarduspark** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/10B** | **Wonderboom** | **Wonderboom** |
| **Vrydag 21 Februarie** | | | |
| **07:00 – 08:00** | **Gr R klas oefening** | | **Lynnwood** |
| **09:00 – 15:00** | **Lynnwood 1ste** | **Glenwood** | **Glenwood** |
| **14:30 – 17:30** | **Lynnwood o/9B** | **Elarduspark** | **AttSports** |
| **14:30 – 17:30** | **Lynnwood o/10A** | **Elarduspark** | **AttSports** |
| **14:30 – 17:30** | **Lynnwood o/12B** | **Anton v Wouw** | **Laerskool Lynnwood** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/13B** | **Anton v Wouw** | **Laerskool Lynnwood** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/13A** | **Elarduspark** | **Elarduspark** |
| **17:30 – 20:30** | **Lynnwood o/12A** | **Wonderboom** | **Wonderboom** |
| **Saterdag 22 Februarie** | | | |
| **08:00 – 12:00** | **Lynnwood o/8 Blou** | **Pretoria B** | **The Glen High School** |
| **08:00 – 12:00** | **Lynnwood o/8 Rooi** | **Centurion** | **TBC** |
| **08:00 – 12:00** | **Lynnwood o/11B** | **Centurion** | **TBC** |
| **13:00 – 16:30** | **Lynnwood o/9C** | **KEPS o/9B** | **AttSport B** |
| **08:30 – 13:00** | **Lynnwood o/9B** | **KEPS o/9A** | **AttSport B** |
| **13:00 – 16:30** | **Lynnwood o/10C** | **KEPS o/10B** | **AttSport A** |
| **08:30 – 13:00** | **Lynnwood o/10B** | **KEPS o/10A** | **AttSport A** |
| **08:30 – 13:00** | **Lynnwood o/11C** | **KEPS o/11B** | **Lynnwood** |
| **13:00 – 16:30** | **Lynnwood 6des** | **KEPS 4des** | **KEPS** |
| **13:00 – 16:30** | **Lynnwood 5des** | **KEPS 3des** | **Lynnwood** |
| **08:30 – 13:00** | **Lynnwood 4des** | **KEPS 2des** | **KEPS** |
| **13:00 – 17:00** | **Lynnwood 2des** | **Defence** | **Peacanwood College** |
| **13:00 – 20:00** | **Lynnwood 1ste** | **Pro 10's** | **DPHS** |



# ATLETIEK

**Was dit VAALpark of BLOUpark?**

Vaalpark is nie meer vaal nadat Laerskool Lynnwood se blou atlete daar deur is nie. Op Saterdag, 8 Februarie het Lynnies kragte gaan meet met die Vrystaters op DP de Villiers Stadion.

In die bloedige rooi son het die atlete hul beste tye, verste afstande en hoogste hoogtes behaal. Lynnies is nie net met goud, silwer en brons om die nek daar weg nie. **Vier** van die prestasie bekers blink nou ook in Gauteng!

Beste baanatleet senior dogter:
Zané Smith (o/13)
Beste veldatleet senior dogter:
Nienke van Wyngaard (o/10)
Beste veldatleet senior seun:
Neo Senekal (o/10)
Beste baanatleet junior dogter:
Lua Snyman (o/9)









**Wenners, wenners, wenners.. is ons reeds!!!**
Laerskool Lynnwood maak geskiedenis op
12 Februarie 2025 by die jaarlikse Pretoria-Oos Cluster atletiekbyeenkoms. Daar was van die sterkste atletiek skole in die ooste van Pretoria teenwoordig.

## BUITE-KURRIKULÊRE PRESTASIE
### SWEM
Baie geluk aan Daniel en Conrad Smit wat verlede naweek hulle eerste Midmar Mile geswem het.




Vir die eerste keer ooit kon Lynnies se atlete die titel van Cluster-wenners inpalm. Ons is trots op elke Lynnie atleet wat alles op die mooi blou baan gegee het!  Dankie aan al die afrigters en ouers se ondersteuning agter die skerms.




PRETORIA-OOS CLUSTER

PRETORIA OOS CLUSTER
2025
Beste Skool

| Pos | Naam van Skool | ASA Punte |
|---|---|---|
| 1 | LYNNWOOD | 362 |
| 2 | ELARDUSPARK | 318 |
| 3 | GARSFONTEIN | 296 |
| 4 | MENLOPARK | 249.5 |
| 5 | CONSTANTIAPARK | 222 |
| 6 | ANTON VAN WOUW | 170.5 |
| 7 | MONUMENTPARK | 132 |
| 8 | PRETORIA OOS | 62 |
| 9 | SKUILKRANS | 46 |
| 10 | PRETORIA CHINESE SCHOOL | 1 |









**Damesoggend Brosjure:**
https://drive.google.com/file/d/1jxf5aZez6aZcjrLa6qOC14Da31fFHVZp/view?usp=share_link

## DIENSRAAD

**Dubbeldosis Dinsdag**
Die Diensraad vier meneer Ruan se 40ste verjaarsdag na 'n insiggewende opleidingsessie met tannie Leoni van Gro-life.








Die Diensraad wens mevrou Lizelle Stolk geluk met haar verjaarsdag.



## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

| | |
|---|---|
| Kwartaal 1: | Vrydag, 21 Maart (Publieke vakansiedag) Menseregtedag<br>Skool sluit 28 Maart |
| Kwartaal 2: | 8 April tot 27 Junie |
| Kwartaal 3: | 22 Julie tot 3 Oktober |
| Kwartaal 4: | 13 Oktober tot 10 Desember |

## LYNNIES BIDGROEP




**<u>BID VIR LYNNIES</u>**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**


Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Stoor 3m, 6m,12m
Kantoor 3m, 6m,12m
Verkoeling 6m,12m
bigbox.co.za 0861 44 74 74


Met Anel Alexander en Bobby van Jaarsveld
semi-soet
Kaartjies nou beskikbaar!
DIE MUSIEKBLYSPEL
Op die planke vanaf 7 Mei.
www.semisoetmusiekblyspel.co.za
AfriForum
AfriForum teater
inhoudHuis MUSIEK


WATERKLOOF
TINA
COWLEY
LEESSENTRUM
SCAN ME!
VISIE:
By Tina Cowley poog ons om elke student tot sy volle potensiaal te help ontwikkel in lees met begrip en hom/haar op so 'n wyse toe te rus met die nodige selfvertroue.
MISSIE:
Elke student se leespotensiaal word ontwikkel deur die verbetering van:
• begripslees
• spoedlees
• geheuevaardighede
• leesvaardighede
• spelvaardighede
• studievaardighede
Verseker jou kind se optimale ontwikkeling en skryf in by ons leessentrum.
173 HELOMA STRAAT
WATERKLOOF
RENA: 0828267770